IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAK NO: 4758/09

DATUM: 15 OKTOBER 2010

In die saak tussen:

**ELOISE WILSON-RABIE** Applikant

en

**REGINALD WILLIAM LYNTON RABIE** Respondent

---

**B E V E L**

**VELDHUIZEN, R:**

In hierdie aansoek vir 'n bevel dat die respondent in minagting van 'n bevel van hierdie Hof opgetree het, is dit gemene saak dat die partye op 14 Desember 2007 ingevolge 'n bevel van hierdie Hof geskei het. 'n Skikkingsakte wat tussen die partye aangegaan is, is indertyd by daardie hofbevel ingelyf.

Dit is op die stukke gemene saak dat die respondent versuim het om aan die bepalings van daardie skikkingsakte te voldoen, met die gevolg dat hy tans oor die R800 000 aan die applikant verskuldig is ten opsigte van die balans van die verkoopprys van die vaste eiendom van die partye en ook

/IM

onderhoud ten opsigte van die partye se twee minderjarige kinders.

Die respondent voer aan dat hy nie opsetlik versuim het om die hofbevel na te kom nie, maar dat die rede daarvoor is dat hy in geldnood verkeer. Hierdie weergawe van die respondent is eenvoudig, na my mening, op die stukke, nie geloofwaardig nie en nie vir my aanvaarbaar nie. Ek het op die stukke voor my tot die gevolgtrekking gekom dat die applikant op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat die respondent willens en wetens versuim het om 'n bevel van hierdie Hof na te kom.

Bygevolg word die respondent skuldig bevind aan minagting van hierdie Hof se bevel van 14 Desember 2007 gegee in hulle egskeidingsgeding en word hy gelas om die koste van hierdie aansoek te betaal.

Verder word die respondent 'n vonnis van <u>SES (6) MAANDE GEVANGENISSTRAF</u> opgelê, wat ek in die geheel opskort vir die periode van vier-en-twintig (24) maande op voorwaarde dat die respondent:

1. Die bedrag van R800 000 plus rente *a tempore morae* in 24 gelyke maandelikse paaiemente aan die applikant betaal, die eerste betaling gedoen te

word op of voor 30 Oktober 2010 en daarna op of voor die 30ste van elke maand.

2. Onderhoud aan die applikant betaal ten opsigte van die twee minderjarige kinders van die partye ten bedrae van R6 500 per maand per kind, die eerste betaling gedoen te word op of voor die 7de November 2010 en dan op of voor die 7de van elke daaropvolgende maand.

3. Die kostebevel sal insluit alle koste wat voorbehou is by vorige verskynings.

VELDHUIZEN, R

/IM